

# KRUIETUIN



## IS JY SAAM MET ANDER OPPAD IN JOU GELOOFSREIS?

- ✓ As jy deur 'n moeilike tyd gaan met wie gesels jy gewoonlik? Wie staan jou by/troos/help jou/aanvaar jou in sulke tye?
- ✓ Was daar al 'n tyd in jou lewe wat JY iemand in 'n moeilike tyd kon help?
- ✓ Hoe help die quote jou as jy dink oor die mense wat tans in jou lewe is - jou vriende, ouers, die kerk ens?
- ✓ Dink weer aan die video "Kruietuin". Is daar dalk 'n "link" tussen die video en die "quote"? Hoekom dink jy/sê jy so?
- ✓ Wanneer is die tye in 'n mens se lewe, wanneer jy graag sal weet daar is 'n geloofs familie in jou lewe wat jou help/vir jou bid/sal troos/sal aanvaar? Was daar al sulke tye in jou lewe?
- Lees Markus 2:1 - 12 baie mooi deur. Jy/julle kan selfs dit 2 keer deurlees.
- Wie dink jy/julle is die "hulle" in vers 5?

*Die "hulle" is die ou se VRIENDE! - Jesus se genesing kom nie deur die man se geloof nie, maar deur sy vriende s'n! Wat wys dit vir ons van die mense wat saam met ons oppad is?*

- Hoe ver gaan die ouens om hulle vriend by Jesus uit te kry? Wat is alles struikelblokke vir hulle vriend en wat maak hulle om die struikelblokke te oorkom?

*Die eerste struikelblok is die ou kan nie self loop nie - hy is op 'n draagbaar en VIER ouens het hom gedra - dit is effort! Hulle kon seker maar iemand gestuur het om vir Jesus te roep soos so baie ander mense gedoen het (soos met Jairus se dogtertjie bv.)? Tog DRA hulle hulle vriend NA Jesus toe!*

*Dan is daar 'n klomp mense wat keer dat hulle by Jesus kom. Hulle kon seker maar omgedraai het en later weer probeer het want dit was net te "onmoontlik" op daardie oomblik om tot by Jesus te kom - TOG doen hulle dit nie...hulle maak 'n ander plan.*

*Hulle klim op die huus se dak en dan BREEK hulle 'n ANDER OU se huus se dak en sak hom af tot voor Jesus! WIE DOEN DIT? Dit is ware pelle - 'n ware wolf pack - 'n ware KRUIETUIN!*

- ❖ Wys die verhaal iets van die "quote" hierbo en die kruietuin-video waarna ons gekyk het? Wat wys dit? Gee die waardes bietjie "name"!
- ❖ Is hierdie waardes goed wat tans in jou vriendekring, familie, by die kerk is? Dink aan voorbeelde daarvan en deel dit bietjie met mekaar. Tot waar sal jy gaan vir iemand?
- ❖ Hoe kan jy help om die waardes te begin vestig in jou groepie by die kerk, by jou familie EN jou vriendekring?